

Vrydag 15 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 16:1-24 (1953-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 16:13-14

Waaksame, standvastige en dapper geloof deur liefde geleef

Die gemeente in Korinte was 'n gemeente met mooi gawes, geestelike gawes, maar ook 'n gemeente met besondere uitdagings. Uitdagings wat uiteindelik gespruit het uit eiewilligheid en selfgesentreerdheid. Daarom, onder andere, skryf Paulus hierdie brief. En hier aan die einde van die brief gee hy vir hulle 'n handvastel, vier beginsels om na te streef:

- “Waak” – Letterlik beteken die oorspronklike woord om lewendig te wees of wakker en oplettend te wees. Hier word dit in die geestelike sin bedoel. Met ander woorde, weet wat in jou geloofslewe aangaan. Let op wat jy in jou lewe toelaat en maak seker dat dit nie dalk slegte dinge en leuens is wat ongesiens in jou lewe insluip nie.
- “Staan in die geloof” – Die woord wat met staan vertaal is, beteken letterlik om te staan om getoets te word. Of anders gesê, gereed om nie net getoets te word nie, maar die toets te slaag. Dit is om standvastig te wees. Hier beteken dit dus dat, wanneer daar toetse in ons geloofslewe kom, soos verleidings, swaar tye of selfs tye wanneer ons moet bly by die waarheid te midde van teenstand, dan moet ons gereed wees om te volhard en nie meegesleur te word nie.
- “Wees manlik” – Letterlik: word 'n man. Dié woord het ook die betekenis van dapper wees. Dit beteken met ander woorde om te werk daarvoor om volwasse te wees. Om die moed aan die dag te lê om te doen wat reg is, selfs al is jy bang en onseker in jouself.
- “Wees sterk” – Letterlik, word versterk. Maar dit is nie 'n passiewe wag om krag te ontvang nie. Soos die ander drie, is dit 'n opdrag. Dit is met ander woorde om te doen wat jy moet in die krag van die Here. It is nie net om Hom te vertrou dat Hy jou sal sterk maak nie, maar ook om volgens sy krag, en daarom sy wil, te werk.

En dit alles moet geskied in liefde. Die liefde van die Here vir ons in Jesus Christus. Die liefde wat ons ontvang het en daarom deel met ander.

Sing Psalm 89-1:6

Ds. AP de Jager (André) (Klerksdorp-Noord)